

KOM ONS OEFEN TAAL 2 MEMORANDUM

1. Mandie hou glad nie daarvan om gejaag te word nie. (1)

1.1 Maak 'n sin met die woord **glad** sodat dit 'n ander betekenis het.

Die teëls is glad en ek gly op my sokkies.

2. Skryf 'n **vraag** neer vir die volgende onderstreepte antwoord.

2.1 Die muis woon in 'n dieretuin. (1)

Waar woon die muis?

3. Voltooi die sinne deur die regte **voorsetsel** in te vul.

3.1 Die muis slaap in/op haar bed.

3.2 Haar mamma het vir haar 'n storie gelees. (1)

4. **Voeg** die sinne bymekaar met die woord tussen hakies:

4.1 Sy het in 'n dieretuin gewoon. Sy het baie pret gehad. (en) (1)

Sy het in 'n dieretuin gewoon en baie pret gehad.

5. Skryf die **basisvorm** van die volgende woord neer:

gewoon woon (1½)

6. Wat doen die **agtervoegsel** -tjie in die woord:

kamertjie Dit verander die basisvorm in 'n verkleinwoord. (½)

7. Skryf die sin oor en vul al die nodige **leestekens** en **skryftekens** in.

Ek is 'n klein muisie maar is dapper wanneer die kat my jaag se

Mandie (2½)

"Ek is 'n klein muisie, maar is dapper wanneer die kat my jaag,"

sê Mandie.

8. Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**.

8.1 Daar was baie maats. (1)

Daar was nie baie maats nie.

8.2 Sy het dit êrens gesien. (1)

Sy het dit nêrens gesien nie.

9. Skryf die **onderwerp**, **gesegde** en **voorwerp** neer.

9.1 Die muis maak 'n piepgeluid. (1½)

Onderwerp: Die muis

Gesegde: maak

Voorwerp: 'n piepgeluid

10. Gee 'n **sinoniem** vir die onderstreepte woord.

10.1 In die dieretuin was baie maats. vriende (½)

10.2 Mandie is bang vir die kwaai kat. woedende (½)

11. Gee 'n **antoniem** vir die onderstreepte woord.

11.1 Mandie was baie hartseer. bly (½)

11.2 Mandie was reusagtig. piepklein (½)

12. Gee die regte **vorm van die woord** tussen hakies.

12.1 Mandie het (gaaf) maatjies gehad. gawe (½)

12.2 Mandie was 'n (vriendelik) muis. vriendelike (½)

13. Brei die **enkelvoudige sin** uit met 'n byvoeglike naamwoord.

13.1 Die kat vang die muis. (1)

Die swart kat vang die muis. OF Die kat vang die klein muis.

TOTAAL: /15